

Van die redaksie

Dit is 'n voorreg om hiermee aan u die NGTT Deel 48 nommers 1 & 2 van Maart-Junie 2007 te bied; weereens met 'n wye verskeidenheid artikels vanuit die breë veld van teologie en aanverwante wetenskappe. Skrywers, nasionaal en internasionaal het bygedra tot hierdie volume.

Prof IJJ Spangenberg van UNISA het die artikel *Postmoderne Bybelwetenskap en die Christelike godsdiens - kanttekening by die boek "Geloof sonder sekerhede: besinning vir eietydse gelowiges"* aangebied vir publikasie. Hoewel die redakteur nie met van die standpunte wat gestel word saamstem nie, is daar na oorleg met redaksielede besluit om die artikel te plaas. Eerstens sodat die lesers kan kennis neem van prof Spangenberg se standpunt; tweedens ter wille van die teologiese debat wat gevoer kan word en ook gevoer behoort te word. Derdens omdat die artikel gaan oor 'n publikasie van prof Anton van Niekerk van die Departement Filosofie aan die Universiteit Stellenbosch. Prof van Niekerk is ingelig oor die artikel en wil daarop reageer. Die reaksie sal in 'n volgende uitgawe geplaas word.

Op Woensdag 14 Maart 2007 is daar vir die eerste keer 'n vergadering van redakteurs van teologiese tydskrifte in Suid-Afrika gehou. Die vergadering is in Pretoria by die Teologiese Fakulteit gehou. Prof Johan Mouton, een van die outeurs van die *Report on a Strategic Approach to Research Publishing in South Africa* het met die redakteurs gepraat oor *Theology journals in South Africa*. Dit was 'n baie belangrike vergadering waar die aanwesige redakteurs besluit het om, as deel van hulle en hulle tydskrifte se strategiese benadering tot navorsingspublikasie in Suid-Afrika, 'n redakteursforum te stig. 'n Werkkommittee is aangewys om die nodige voorbereidingswerk te doen en 'n volgende vergadering byeen te roep. U sal op hoogte gehou word van die vordering.

Hierdie uitgawe bevat ook 'n spesiale afdeling met artikels wat handel oor die teologiese bydrae van prof Dirkie Smit. Die bydraers is almal Suid-Afrikaanse studente wat onder die leiding van prof Smit gepromoveer het. Die bedoeling van die bundel is om prof Smit se 55ste verjaarsdag te gedenk en ook sy 25ste jaar as dosent. Prof Smit is op die oomblik in Berlyn waar hy die derde sistematiese teoloog en slegs die tweede Suid-Afrikaner ooit wat genooi is om aan die *Wissenschaftskolleg zu Berlin* (Die Berlynse Instituut vir Gevorderde Navorsing) te werk. Die redaksie wens graag vir prof Smit geluk met al hierdie besondere mylpale en bid hom 'n baie vrugbare en geseënde toekoms toe.

P Coertzen

Redakteur: NGTT

Stellenbosch